Hermanusdoorns Aandeleblok Beperk

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP DIE PLAAS HERMANUSDOORNS

06 Augustus 2016 om 11H30

1 Verwelkoming

Die Voorsitter open die vergadering om 11h30 deur alle aandeelhouers te verwelkom en rig ‘n spesiale verwelkoming aan alle nuwe aandeelhouers.

2 Verskonings

Dawie Botha
Willie Botha
John Rees
Jeanette Venter

3 Kennisgewing van vergadering en kworum

Daar was 55 (vyf en vyftig) van die 90 (negentig) aandeelhouers in persoon of deur volmag teenwoordig. Aangesien ‘n kworum teenwoordig is, verklaar die Voorsitter dat die vergadering mag voortgaan.

Die voorsitter bevestig dat 28 (agt en twintig) stemme vir gewone besluite en 44 (vier en veertig) stemme vir spesiale besluite, benodig word.

Die Voorsitter verduidelik dat stemming sal geskied deur die vertoon van registrasie kaarte, waar elke kaart een aandeel en een stem verteenwoordig.

Bill Benecke en Gavin Ford bied hulp aan om stemme te tel.

4 Voorsitter se verslag

4.1 Sedert die vorige jaarvergadering is ‘n aantal aandele verkoop en verwelkom die Voorsitter die nuwe aandeelhouers.

4.2 ‘n Minuut stilte word gevra uit eerbetoning aan aandeelhouers en familielede van aandeelhouers wie sedert die vorige jaarvergadering oorlede is:

- Therese Kriel
- Val Meiring

Die Voorsitter spreek ‘n spesiale woord van dank uit aan Therese Kriel vir harde werk om die tuine by die ingang van die plaas tot stand te bring, ten spyte van weerstand deur die vorige plaasbestuurder. Die direksie sal ‘n gedenksteen vir haar in die tuin aanbring.

4.3 Die Voorsitter gee besonderhede van die jaar se aktiwiteite, onder die volgende punte:

- Finansiële posisie.
- Kwessies van belanghebbendes.
- Korporatiewe bestuur.
- Infrastruktuur & Batebestuur.
- Personeel aangeleenthede.
- Diensverskaffing.
- Fauna & Flora.

Die volledige aanbieding is op die webtuiste beskikbaar.

4.3.1 Finansiële stand

Die Aanbieding:

- toon dat die maatskappy se finansiële status steeds in ‘n goeie posisie is ten spyte van hoër as gewone kapitaalbesteding gedurende die afgelope jaar. Gedurende die jaar is die Noordelike heining vervang en is ‘n nuwe bakkie aangekoop.
- toon dat die maatskappy goed bestuur word en dat uitgawes onder beheer is.
- wys daarop dat die fokus hoofsaaklik geplaas was op bedryfsdoeltreffendheid en die verbetering van infrastruktuur.

Die verslag fokus verder op die 5 belangrikste faktore, wat 90% van die uitgawes verteenwoordig.

- Salarisse
- Nutsdienste
- Voertuie
- Onderhoud
- Kapitale Uitgawes

‘n Saak van kommer is die laat betaling van heffings wat gedurende die afgelope jaar verder verswak het.

Uitstaande heffings op 31 Maart 2016 was R364 000 teenoor die R272 000 van die ooreenstemmende datum die vorige jaar. Die “name & shame” prosedure word gehandhaaf, aangesien aandeelhouers vroegtydig in kennis gestel was van die heffing struktuur en fakture reeds gedurende Desember uitgestuur is, om te verseker dat heffings teen die begin van die finansiële jaar (1 Maart) betaal kan word.

Die heffing vir 2017/18 finansiële jaar van nie-permanente aandeelhouers verhoog met 3.7% na R25 250 per jaar. Die afgelope 4 jaar was die verhoging laer as die jaarlikse inflasie.

Skoonmaak en wasgoed fooie verhoog met 3.7% na R140 (uitsluitend BTW). Kontrolering van alarms verhoog met 2.4% na R2300 per jaar en gebruik van elektrisiteit met 6% na R1.96 per kwh. Die verhoging van alarms is effektief vanaf 1 Augustus 2016 en die res vanaf 1 September 2016. Hierdie verhogings is die eerste die afgelope 3 jaar.

Kapitaalbesteding het die afgelope jaar R 836 000 beloop as gevolg van die hernuwing van die Noordelike heining en die aankoop van ‘n nuwe bakkie. Dit behoort terug te keer na ongeveer R600 000 per jaar.

Twee aandele wat per veiling aangebied is, is deur die maatskappy teruggekoop.

4.3.2 Kwessies van Belanghebbendes

Wildsindikate, soos goedgekeur tydens die 2015 jaarvergadering, word tydelik agterweë gehou tot verdere kennisgewing, aangesien daar belasting implikasies en verskeie opsies in die toepassing daarvan bestaan.
Die sekuriteit van die plaas is verbeter deur .n addisionele kragdraad op die Noordelike heining aan te bring. Daar was nogtans ‘n inbraak voor die jaarvergadering en 2 infra-rooi kameras is aangekoop en by die Oostelike heining, as

proefneming geïnstalleer. Dit is waar die oortreders normaalweg ons plaas binnekom.

Vordering is gemaak om van die voorstelle, wat deur aandeelhouers gemaak is, in werking te stel en verdere beplanning in die verband gaan nog voort.

Die Voorsitter spreek sy dank uit teenoor Mariska Munnik, wat ‘n saak onder die direksie se aandag gebring het rakende die aandeelhouersertifikate wat vanaf September 2014 uitgereik is. Aandeelsertifikate sal moontlik in Oktober heruitgereik word.

4.3.3 Korporatiewe bestuur

Die direksie poog gedurig om aan Wetgewing te voldoen en verskeie prosedures en prosesse is geformuleer.

Die voorgestelde Spesiale besluit 2 is deel van die proses om korporatiewe bestuur te verbeter.

4.3.4 Infrastruktuur & Batebestuur

Die belangrikste stappe ter verbetering van Infrastruktuur en Batebestuur is soos volg:

- Nuwe heining op Noordelike grens.
- Opgradering van Waterbokpan.
- Voortdurende verbetering van paaie en uitroei van sekelbos.
- Herbou van die dam langs die windpomp, insluitend die herstel van die windpomp met bedoeling om ‘n sonkragpomp te installeer.
- Werk begin met die oprigting van ‘n waterplaas op die berg.
- Aankoop van ‘n nuwe voertuig en herstel van die Vlakvark-voertuig.
- Maak damme waterdig met “geo-fabrick & bitumen”

4.3.5 Personeel Aangeleenthede

Die opleiding en vaardigheidsontwikkeling is ‘n deurlopende proses met die doel dat personeel met ‘n verskeidenheid vaardighede toegerus word.

Die aantal werknemers, met insluiting van die bestuur, is 9 persone. (3 vroulik en 6 manlik) en daar is 4 bestuurslede, insluitend Annatjie.

4.3.6 Fauna & Flora

Die 7 jaar reënsiklus is ‘n saak van kommer. Die gevolg daarvan is dat ons vanjaar vir die eerste keer sedert 2002 voer moes aankoop.

Die vang van wild is onmiddellik van stapel gestuur.

Ontbossing gaan voort.

Fritz van Oudtshoorn se veldstudie is gedurende Julie ontvang en is in die proses van evaluering.

5 Gewone Sake

a Gewone Besluit 1

Aanvaarding van die notule van die AJV gehou op 8 Augustus 2015 word aangeteken as eerste besluit.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr S Twiggs
Sekondant: Mnr D du Toit

Die besluit word algemeen aanvaar.

b Gewone Besluit 2

Aanvaarding van die maatskappy se finansiële state vir die tydperk eindigend 28 Februarie 2016, asook die verslae van direkteure en ouditeure.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr D du Toit
Sekondant: Mnr P Groenewalt

Die besluit word algemeen aanvaar.

c Gewone Besluit 3

Heraanstelling van Russell James en Kie as ouditeure vir die maatskappy tot en met die volgende algemene jaarvergadering.
Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr S Twiggs

Die besluit word algemeen aanvaar.

d Gewone Besluit 4

Die bekragtiging van die aanstelling van Mnr D Harris as Direkteur.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr S Twiggs

Die besluit word algemeen aanvaar.

6 Spesiale Sake

Die volgende besluite word sonder of met veranderinge as spesiale besluite voorgehou.

Die vergadering gaan voort om die 3 (drie) spesiale besluite voor te lê.

a Spesiale Besluit 1

i Inleiding tot Spesiale Besluit 1
Die magtiging van Direkteure om aandele terug te koop moet jaarliks hernu word.

As Spesiale Besluit 1 word goedkeuring aan die direkteure gegee om volgens hul oordeel en in die beste belang van die maatskapy aandele terug te koop.

ii Uitwerking van Spesiale Besluit 1
Die uitwerking van Spesiale Besluit 1 is dat elke aandeel wat aangekoop word die uitgereikte aandele met een verminder, asook die aandeelkapitaal met R1000. Die bedrag verbonde aan die aanbod sal volgens die state as uitgawe aangetoon word.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr D Goodyer

Stemme vir	55
Teenstemme	0
Buitestemming	0

Die besluit word algemeen aanvaar.

b <u>Spesiale Besluit 2</u>

i Inleiding tot Spesiale Besluit 2
Die huidige definisies van “Eiendom en Geboue” volgens klousule 1.6.15 van die “MOI” is foutief.

- Die oorblywende gedeelte 650 van die plaas Hermanusdoons sluit reeds die konsolidasie van die oorblywende gedeelte 4 van die plaas Manamane, in.
- Nie alle geboue op die plaas is vir algemene gebruik nie. Geboue wat deur aandeelhouers op die persele aan hulle toegedeel, opgerig is, is slegs vir die gebruik van die aandeelhouer self en is nie deel van die gemeenskaplike eiendom nie.

As Spesiale Besluit 2 word goedkeuring aan die direkteure gegee om die definisie van “Eiendom en Geboue” in klousule 1.6.15 van die “MOI” soos volg te wysig:

1.6.15 “Eiendom en geboue”	beteken die nie-roerende eiendom hieronder beskryf as “Hermanusdoorns” of “die plaas”, tesame met die geboue in gemeenskaplike gebruik op die onroerende eiendom. Uitgesluit enige geboue wat deur ‘n aandeelhouer opgerig is op die perseel wat aan die aandeelhouer vir sy uitsluitlike gebruik toegedeel is:

- Die oorblywende gedeelte 650 van die plaas Hermanusdoons in die registrasie afdeling KQ Noordelike Provinsie;
- Die plaas La Rive 592 in die registrasie afdeling KQ Noordelike Provinsie;

ii Uitwerking van Spesiale Besluit 2

Die uitwerking van Spesiale Besluit 2 is om die huidige definisie van "Eiendom en Geboue" vir onroerende eiendom sowel as geboue, in die "MOI", reg te stel.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr A Gildenhuys

Stemme vir	55
Teenstemme	0
Buitestemming	0

Die besluit word algemeen aanvaar.

c. <u>Spesiale Besluit 3</u>

i Inleiding tot Spesiale Besluit 3

Daar is 'n versoek van 'n paar aandeelhouers vir toestemming om met helikopters op die plaas te land.

As Spesiale Besluit 3 word goedkeuring gegee om die landing van helikopters op die plaas toe te laat. Dit sal wees in 'n spesifieke gebied deur die direksie bepaal, ten einde die minimum ontwrigting en ongerief aan aandeelhouers, sowel as fauna en flora te veroorsaak.

ii Uitwerking van Spesiale Besluit 3

Die uitwerking van spesiale Besluit 3 is om 'n spesifieke gebied op die plaas te ontwikkel waar helikopters mag land.

Aangesien geen aandeelhouer teenwoordig bereid was om die mosie, voor te stel en te sekondeer nie, is dit deur twee direkteure voorgestel en gesekondeer.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr J Hill

Stemme vir	2
Teenstemme	53
Buitestemming	0

Die besluit word afgewys.

7 Verkiesing van Direkteure

Mnre. A Du Plessis en C Ross tree uit as direkteure in terme van die rotasie proses en is beskikbaar vir herverkiesing.

Beide word volgens geslote stemming herverkies.

8 Algemeen

Mnr Groenewald bedank die direksie vir hulle insette. Die atmosfeer op die plaas is baie goed en dit is ‘n plesier om dit te besoek.

Mnr van Zyl versoek alle aandeelhouers om die paaie wat as “private” gemerk is, te respekteer. By verskeie geleenthede het voertuie al by sy huis gearriveer en dan net weer vertrek sonder om verskoning te maak of dag te sê.

Die volgende Algemene Jaarvergadering sal op 12 Augustus 2017 plaasvind.

Die Voorsitter bedank die direksie en Finansiële Verslagdoeningskomitee vir hulle insette en bystand. Spesiale dank aan die plaasbestuur en personeel vir hulle harde werk.

Mnr du Plessis bedank die Voorsitter vir sy toegewydheid en die baie tyd wat hy spandeer om die welstand van die plaas te bevorder.

Geen verdere bespreking vind plaas nie en die Voorsitter nooi almal uit om ‘n ligte ete in die vorm van ‘n smaaklike koedoepotjie deur die plaasbestuur voorberei te geniet.

Die vergadering verdaag om 12h15.

Voorsteller: Mnr S Twiggs
Sekondant: Mnr D Goodyer

HERMANUSDOORNS WEB SITE: www.hermanusdoorns